**19 IRAN** Dit is moeilik vir Christenouers in Iran om hul kinders in Christus-gesentreerde huise groot te maak, siende dat hul kinders Islamitiese onderrig by die skool ontvang en hulle ook Bybelse hulpbronne en bande met ander Christene benodig. Bid vir wysheid en leiding vir hierdie ouers te midde van hierdie uitdagende omstandighede.

**20** Iran het ŉ hoë egskeidingsyfer en Christene is nie immuun daarteen nie. Bid dat nuwe gelowiges hulp sal vind om aan te pas by ŉ Bybelse begrip van die huwelik. Bid ook vir broodnodige hulpbronne wat goeie lering oor die huwelik kan voorsien.

**21 JEMEN** Bid vir jongmense om visioene en drome te kry wanneer hulle soek na antwoorde en die waarheid. Bid dat hulle sal ontdek wie Christus is en verander sal word deur die vernuwing van hul denke.

**22 MIDDE-OOSTE** Elke dag, vir baie ure, onderneem Geopende Deure se opvolgspanne in die Midde-Ooste regstreekse aanlyn gesprekke met ons vervolgde broers en susters. Bid vir wysheid en hernude energie vir elke gesprek, namate hulle met minstens 70 verskillende mense elke maand praat.

**23 SIRIË** Bid vir die leiers van Sirië – dat hulle die belange van die land se burgers voor hul eie sal plaas; dat hulle die oorlog sal beëindig wat hierdie land in ŉ woesteny van puin verander het.



**24 NOORD-KOREA** Christene in Noord-Korea staar ongelooflike moeilikheid in die gesig omdat hulle Jesus volg, eerder as om Kim Jong-Un te aanbid. Bid dat die Here ons broers en susters sal staande hou wat verskeie beproewinge vir hul geloof, in alle areas van hul lewe, verduur.

**25 INDONESIË** Navorsing het gewys dat in die afgelope paar jare, hoërskool- en universiteitstudente blootgestel is aan meer radikale Islamitiese leringe. Bid dat die regering hierdie aktiwiteite sal monitor, en dit sal teenstaan deur lering wat die belangrikheid van verdraagsaamheid teenoor alle gelowe voorhou.

**26 BANGLADESJ** Vroeër hierdie jaar het owerhede en Moslemekstremiste ŉ reuse ingryping op Gelowiges vanuit ŉ Moslemagtergrond gedoen. Baie het doodsdreigemente ontvang. Bid vir al hierdie Christene vir ŉ veerkragtige geloof, dapperheid en wysheid om die Evangelie te deel.

**27 PAKISTAN** Volgens ŉ plaaslike Christenleier, is die nuut verkose Imran Khan, in dieselfde ou ekstremisme gewortel wat Christéne al vir dekades lank in Pakistan moet verduur het… Bid dat God die Christene sal toerus om sterk te staan onder hierdie land se nuwe leierskap.

**28 IRAK** Terwyl Islamitiese Staat uit Irak verdryf is, het die interne geskille en struwelinge wat in die verlede die land en sy mense verdeel het, weer opgeduik. Bid dat te midde hiervan, Christene hul lig sal skyn en ŉ voorbeeld van eenheid vir die om hulle sal wees.

**29 INDIË** In Indië, wanneer ŉ familielid Jesus aanvaar, verenig hul familie saam met die res van die dorpie om die lewe vir hulle moeilik te maak, soos om te voorkom dat hulle werk kry of na hul landerye kan omsien. Bid vir krag en vir ander bronne van voorsiening vir hierdie Christene.

**30** Sumit* het gesê, "Ek het God se liefde leer ken en dit het my gedryf na my bediening as ŉ pastoor. Maar nou staar ek baie uitdagings in die gesig, veral vervolging en verdrukking. Bid dat God my sal help om vas te staan. Ek wil Sy wil doen in alle omstandighede. Bid ook dat God my familie sal bewaar."

*Name verander en verteenwoordigende foto's gebruik vir sekuriteitsredes.


Geopende Deure
Diens aan vervolgde **Christene** wêreldwyd

Posbus 1771, Cresta, 2118
T +27 11 888 9341 | F +27 11 888 9362
E southafrica@od.org | I www.opendoors.org.za

@opendoorssa
Open Doors South Africa
open_doors_sa


Geopende Deure
Diens aan vervolgde **Christene** wêreldwyd

# GEBEDSKRYGERS FLITS

GEBEDSKALENDER VIR VERVOLGDE CHRISTENE WÊRELDWYD



"Kom na My toe dat julle gered kan word, almal op die aarde, want Ek is God, daar is geen ander nie." –Jesaja 45:22 (1983)

**November 2018**

**1 SENTRAAL-ASIË** Vir Rina* is dit gewaagd om met ander Christene te ontmoet, siende dat haar familielede Moslem is en haar sal doodmaak indien hulle uitvind dat sy ŉ Christen is – maar dit is die enigste manier hoe sy meer van Jesus kan leer. Bid asseblief vir haar beskerming terwyl sy met ander Christene ontmoet.

**2** In Sentraal-Asië ervaar Gelowiges vanuit ŉ Moslemagtergrond ernstige teenstand van plaaslike Moslemgemeenskappe en geestelikes wanneer hulle hul Christenfamilielede wil begrawe. Bid vir wysheid vir hulle namate hulle nie net treur oor die verlies van geliefdes nie, maar ook baie druk ervaar wanneer hulle probeer om hul geliefdes te begrawe.

**3 TADJIKISTAN** Hakim* (17), ŉ Gelowige vanuit ŉ Moslem-agtergrond, gaan deur ŉ moeilike tyd sedert hy ŉ Christen geword het. Hy is verdruk, geslaan en gebrand deur sy oudste broer omdat hy weier om sy geloof te ontken. Bid vir krag vir hom om die druk om terug te keer tot Islam te weerstaan.

**4 KAZAKSTAN** Bid vir geheime Christenleiers wie se lewens, families en bedienings onder konstante waarneming van die regering is… Bid dat hulle vrede en rus sal ervaar namate hulle voortgaan met hul roeping en om die Evangelie te versprei.



**5 UGANDA** Prys die Here dat 15-jarige Hadija (links en aan wie jy briewe geskryf het) toestemming van haar pa gekry het om voort te gaan met haar opvoeding en by Mellina (regs) te bly, wat Hadija ingeneem het na baie vervolging. Bid dat God haar deur die laaste jaar en ŉ half van laerskool sal dra.

**6 ERITREA** Bid vir die talle Christene wat steeds vir hul geloof in gevangenis is in Eritrea. Bid vir genade, vertroosting en bemoediging in die wete dat hulle nooit alleen is nie. Mag hulle, wanneer hulle hopeloos voel, ŉ diepe gevoel van God se teenwoordigheid en liefde ervaar.

**7 GUINEE** Toe Diarraye Diallo (34) haar Moslemman vertel het dat sy ŉ Christen geword het, het hy haar ŉ keuse gegee: hy of Jesus. Sy het Jesus gekies en is geslaan, verneder en uit haar huis verjaag. Nou sukkel sy, haar kinders en haar ma (wat ook ŉ Christen is) om te oorleef. Bid dat die Here hulle getroue Voorsiener sal wees.

**8 NIGERIË** In Junie hierdie jaar, het Moslem Fulani-veewagters in ŉ moordtog soveel as 200 mense vermoor en duisende ontwortel in die dorpies rondom Jos, Plateau-staat. Bid asseblief vir voorsiening vir die ontworteldes, en vir wysheid en ŉ dringendheid vir die regering om hierdie voortdurende aanvalle aan te spreek.

**9** In Mei-maand het ŉ Moslemgeestelike georganiseer dat jeugdiges ŉ 16-jarige meisie ontvoer. Bid vir God se ingryping, namate ontvoering en die gedwonge huwelik van Christen-meisies toeneem. Bid dat dié wat ontvoer is met hul families herenig sal word.

**10 ETHIOPIË** Ibrahim het grootgeword in ŉ Moslemfamilie en moes sy geloof ŉ geheim hou toe hy ŉ Christen geword het. Oplaas het sy familie uitgevind en hy moes vlug met net die klere aan sy lyf. Bid vir God se beskerming oor hom en dat sy familie ook gered sal word.

**11 TANZANIË** ŉ Jong Gelowige vanuit ŉ Moslemagtergrond is valslik daarvan beskuldig deur woedende Moslems, dat hy die Koran ontheilig het. Nadat hy tot Christenskap bekeer het, het hy al sy toordery en Moslembybehore (nie die Koran nie) verbrand. Bid dat hierdie jongman vrygespreek sal word van enige verkeerde dade en dat hy sterk in die geloof sal bly.

**12 KAMEROEN** Omar (31), ŉ voormalige Moslemgeestelike, is uit sy dorpie geskop, en sy vrou en drie kinders is van hom weggevat omdat hy ŉ Christen geword het. Bid dat God hom sal beskerm namate mense hom wil straf omdat hy Jesus aanvaar het. Bid ook dat hy met sy familie herenig sal word.

**13 SOMALIË** In Somalië waar familiestamme ŉ groot rol in die

**SOMALIË vervolg**
Somaliese samelewing en daaglikse lewe speel, word bekering tot Christenskap gesien as verraad en ŉ skande vir die familie, stam en nasie. Enige bekeerling wat uitgevang word kan erge straf verwag… Bid vir wysheid en onderskeiding vir Somaliese Christene.

**14 TOGO** Sedert Julie het ongeïdentifiseerde persone vyf Moskees gevandaliseer in ŉ vermoedelike poging om onmin tussen Moslems en Christene in Togo te saai. Bid dat alle planne om Moslems en Christene teen mekaar op te steek sal misluk.

**15 MALEDIVE** Dankie vir almal wat aanhoudend bid vir die Maledive. Daar is berigte van meer ontvanklikheid in die geestelike klimaat van die land. Hou asseblief aan om te bid dat baie tot geloof in Christus sal kom.



**16 ALGERIË** In Algerië verduur nuwe gelowiges sistematiese vervolging van hul Moslemfamilies. Bid asseblief vir krag vir hierdie nuwe gelowiges. Bid ook dat God hulle in kontak met ander gelowiges in hul area sal bring, sodat hulle saam in die geloof kan groei.

**17 TUNISIË** Halima*, ŉ Christen van Tunisië, is deur haar man uitgeskop omdat hul 15-jarige dogter ook ŉ Christen geword het. Bid vir voorsiening vir Halima en krag vir haar dogter om haar geloof te behou, terwyl sy steeds by haar pa bly.

**18 LIBIË** ŉ Jong Christenvrou in Libië het verskeie huweliks-aansoeke gekry van Moslemmans. Sy wil egter baie graag met ŉ Christenman trou… Bid dat God haar sal seën met wysheid om die regte besluite te maak en dat Hy ŉ Godvresende man haar pad langs sal bring.